



Province of the  
**EASTERN CAPE**  
EDUCATION

**NASIONALE  
SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**SEPTEMBER 2012**

**RELIGIESTUDIES V1  
MEMORANDUM**

**PUNTE: 150**

---

Hierdie memorandum bestaan uit 8 bladsye.

---

**AFDELING A****VRAAG 1 (VERPLIGTEND)**

- 1.1 1.1.1 Zoeloe (2)  
 1.1.2 Tripikata (2)  
 1.1.3 Katoliek (2)  
 1.1.4 Tanach (2)  
 1.1.5 Kaliph (2)
- 1.2 1.2.1 Dit is 'n liggaam van beginsels en waardes wat aanvaar word deur die volgelinge van die godsdiens. (2)  
 1.2.2 Dit verwys na die beginsels en waardes van 'n godsdiens wat nie verander kan word nie. (2)  
 1.2.3 Dit verwys na 'n stel idees en beginsels wat verduidelik hoe 'n samelewing of kultuur georden behoort te word. (2)  
 1.2.4 Dit is eenvoudige stories wat iemand behels wat of 'n morele probleem moet oplos of die gevolge van optredes moet dra. (2)  
 1.2.5 Dit is heilige stories wat die wêreld verduidelik soos dit is en die aard van menslike ondervinding. (2)
- 1.3 Godsdienstige leringe wat 'n verduideliking gee vir menslike besorgdhede soos lewe na die dood en idees oor goed en kwaad. Geloof verwys na hoe 'n persoon voel of dink oor 'n godsdienstige wêreldbeskouing. (4)
- 1.4 Theravada Boeddhisme  
 Mahayana Boeddhisme  
 Vajrayana Boeddhisme (6)
- 1.5
- Dit impliseer dat enigeen oral die vryheid van keuse het om te glo wat hulle wil glo oor God.
  - Enigeen is vry om die aktiwiteit en beoefening van die godsdiens van hul keuse te volg.
  - Mense kan nie gedwing word om tot 'n ander godsdiens te bekeer nie. (4)
- 1.6
- Glo in een God
  - Glo in profete
  - Glo in engele
  - Glo in die Oordeelsdag
  - Hulle het heilige boeke
  - Hulle het spesiale plekke van aanbidding
  - Hulle het vakansie-dae
  - Hulle glo in God as die Skepper
  - Hulle het spesiale kleredrag (6)
- 1.7 1.7.1 D Ontkenning van die bestaan van God.  
 1.7.2 C Geloof in baie gode.  
 1.7.3 A Geloof dat enige aksie 'n gevolg het.  
 1.7.4 E 'n Wye verskeidenheid van geestelike oefeninge om godsdienstige resultate te bereik.  
 1.7.5 B Bevryding van lyding in Boeddhisme.

(5 x 2) (10)

**TOTAAL AFDELING A: 50**

**AFDELING B****VRAAG 2**

- 2.1
- Boodskappers van die skepper.
  - Toesighouers oor die fisiese wêreld.
  - Sien om na die welsyn van die lewendes.
  - Hulle openbaar hulself deur drome en soms deur visioene om met die lewendes te kommunikeer.
  - Om met God te kommunikeer gebruik die lewendes die voorvaders – hulle is tussengangers.
- (8)

- 2.2 **Islam**
- Islam het twee groot vertakkings, Sunni en Shi'ite.
  - Die Sunni's is die grootste groep wêreldwyd.
  - Maar in sommige lande is die Shi'ite in die meerderheid, soos in Irak en Iran.
  - Shi'ites glo dat die afstammeling van Mohammed goddelike aangestelde imams is met bonatuurlike kennis en gesag wat die gelowiges moet lei.
  - Sunni's verwerp dit en glo dat gelowiges hulle leiers moet kies.
  - Shi'ites glo dat twaalf imams die tussengangers tussen God en die mensdom was.
  - Die twaalfde imam kruip weg, maar hy sal eendag terugkeer.
  - Tot met sy terugkeer word die gemeenskap gelei deur 'n hiërargie godsdienstige leiers genoem mullahs, en die belangrikste van hulle word ayatollas genoem.
  - Sunni-Islam gebruik ook die term imam, maar verwys net na die persoon oor sy kennis en die diepte van geloof.
  - Sunni's soek leiding uit die Koran en die Hadith.

**Christendom**

- Die Christelike godsdien word in drie hooftakke verdeel.
  - Dit is Rooms-Katoliek, Protestants en Ortodoks.
  - Die drie hooftakke het ook verskeie subtakke.
  - In die Protestantse tak is daar byvoorbeeld Metodiste, Lutherane, Pinksters, Adventiste, Moramiers, ens.
  - Die Ortodokse tak is verdeel in Koptiese, Griekse, Russiese vertakkings, ens.
  - Die Ortodokse Kerk en die Rooms-Katolieke Kerk het geskei as gevolg van verskille oor die oppergesag van die Pous.
  - Daar was ook verskille oor die oorsprong van die Heilige Gees.
  - Die Rooms-Katolieke Kerk leer dat die Heilige Gees van God die Vader en die Seun kom.
  - Die Protestantse kerke verskil van die Rooms-Katolieke met verwysing na die Nagmaal (Heilige Nagmaal).
  - Die Ortodokse Kerk leer dat die Heilige Gees slegs van God die Vader kom.
- (12)

- 2.3 2.3.1
- Beteken dat twee of meer dinge in staat is om vergelyk te kan word.
  - Dit beteken nie dat dinge eenders is nie.
  - Die daad van *vergelyking* is meer as een ding.
  - Beteken twee of meer dinge is geneig om ooreenkomste en verskille te wys.
  - Vergelyking kan eksplisiet of implisiet wees. (6)
- 2.3.2
- Om soortgelyk te wees
  - Om ooreenkomste te toon
  - Van dieselfde soort
  - Twee of meer dinge kan dieselfde in sekere opsigte wees
  - Jy moet spesifiek wees in hoe dinge eenders is (6)
- 2.3.3
- Dit is die teenoorgestelde van ooreenkoms
  - Beteken om soortgelyk te wees
  - Van dieselfde soort
  - 'n Punt waar dinge nie dieselfde is nie
  - Hierdie konsep moet ook gebruik word in spesifieke gevalle (6)
- 2.4 2.4.1
- Waarheid of God is een. Geestelikes het verskillende name daarvoor.
  - Dit het nie 'n stigter nie.
  - Daar is nie 'n verenigende oortuiging of leer nie. (6)
- 2.4.2
- Hulle glo dat hulle die afstammeling is van 'n volk wat ongeveer 1250 BCE 'n verbond met God gesluit het.
  - Abraham word as die geestelike stigter beskou.
  - Volgens die Joodse tradisie word die verpligtinge van die verbond in die Tien Gebooie vervat. (6)

**VRAAG 3**

- 3.1 3.1.1
- Geloof word soms as 'n sinoniem vir godsdiens gebruik.
  - Geloof kan die aanvaarding van iets, 'n feit, 'n stelling of 'n lering beteken.
  - Geloof is die aanvaarding van 'n lering.
  - Geloof beteken moontlik 'n ferm opinie.
  - 'n Persoon met 'n opinie weifel of twyfel nie daaroor nie.
  - Geloof is vertroue of selfvertroue. (10)
- 3.1.2
- Mite bevat gewoonlik historiese en metaforiese materiaal.
  - Hulle is nie altyd letterlik waar nie.
  - Hulle is nie feitelike weergawes nie, maar probeer om geestelike waarheid oor te dra.
  - Mites word gebruik om dinge te verduidelik soos byvoorbeeld die geboorte en dood van Jesus, Mohammed en Siddharta Gautama.
  - Hulle kyk gewoonlik hoe die wêreld geskep is.
  - Hulle kyk ook hoe sonde en kwaad ontstaan het.
  - Hulle kyk wat gaan gebeur aan die einde van die wêreld. (10)
- 3.2
- Verklaring van geloof (Shahaadah)
  - Rituele gebed (Salah)
  - Vas (Saum)
  - Aalmoese (Zabah)
  - Pelgimstog (Hajj) (10)
- 3.3 Sekularisme as 'n voorbeeld:
- Dit behels etiek wat gebaseer is op redenering oor die menslike natuur.
  - Dit verwys nie na god of gode nie.
  - Die verstaan van die natuur is suiwer wetenskaplik.
  - Dit doen 'n beroep op godsdienstige verklarings vir lewe en die wêreld.
  - Dit neig om saam te gaan met die demokratiese regeeringsvorme.
  - Ondersteun menseregte.
  - Ondersteun nie-diskriminasie op die basis van godsdienstige oortuigings.
  - Dit glo dat godsdiens sosiale verdeeldheid veroorsaak eerder as om mense te verenig.
  - Dit is verdraagsaam teenoor godsdiens. (10)
- 3.4
- Inspirasie verwys na die asemteug (krag, kennis) van 'n buitengewone wese of gesag.
  - Soos byvoorbeeld 'n goddelike wese wat in 'n mens ingaan en daardie persoon se eie asem oorneem.
  - Mense mag voel dat hulle deur hierdie krag in besit geneem word.
  - Of dat hulle 'n goddelike openbaring ontvang het.
  - Mense voel dat hulle 'n spesiale, direkte en onmiddellike toegang tot 'n dimensie van bestaan, 'n begrip van mag wat alledaagse ervaring oorskry, beleef het.
  - Ander mense in latere geslagte mag steeds krag put uit hierdie inspirasie. (10)

**VRAAG 4**

- 4.1
- In Islam word daar gesê dat daar nie verpligting in godsdiens moet wees nie.
  - In Hindoeïsme word daar gesê dat, net soos alle riviere na die see vloei, lei alle paaie na God.
  - Volgens die Grondwet van Suid-Afrika het elkeen die reg tot vryheid van gewete, godsdiens, denke, geloof en opinie.
  - Godsdienstige aktiwiteite mag by staats- of staatsondersteunende instellings beoefen word, maar sulke aktiwiteite moet die reëls van die betrokke openbare gesag volg.
  - Dit moet op 'n gelyke basis beoefen word en bywoning moet vry en vrywillig wees.
  - Die reg dek nie die goedpraat van haat wat gebaseer is op ras, etnisiteit, geslag of godsdiens en wat opsweping tot geweld insluit nie. (12)
- 4.2
- 'n Natuurlike uitvloeisel van die Wet van Karma is die leerstelling van reïnkarnasie.
  - Die siel gaan deur 'n reeks geboortes en sterftes.
  - Hierdie proses word aangevuur deur begeertes.
  - Net soos die mens verslete klere uittrek en nuwes aantrek, so verwerp die siel verslete liggame en trek nuwes in.
  - So sê die Bhagavad Gita.
  - Die siel kan nie doodgaan nie. (8)
- 4.3
- 4.3.1
- In Hindoeïsme word karma blameer vir 'n persoon se lyding.
  - Omdat dit beskou word dat hulle die prys betaal in hierdie lewe vir die bose dae wat hulle in hul vorige lewens gepleeg het.
  - Sommige Hindoes gebruik soms hierdie argument as 'n rede vir hulle verskille ten opsigte van die armes.
  - Ten spyte daarvan, gee Hindoes nog liefdadigheid dwarsdeur die jaar en ook tydens sekere feeste. (8)
- 4.3.2
- In die Christendom dien die lewe van Jesus as 'n voorbeeld hoe om 'n lewe van gee vir andere te lewe.
  - Terwyl Jesus op die aarde was het hy sy sorg vir die minderbevoorregtes in die gemeenskap getoon.
  - Die hoofokus van Sy bediening was op die armes en die siekes.
  - Volgelingen van Jesus moet 'n lewe lei wat dieselfde sorg uitbeeld. (8)
- 4.4 Die nasiener moet nie net kyk vir JA of NEE antwoorde nie maar moet al die feite wat deur die kandidaat aangebied word, in aanmerking neem.

**JA**

- In September 2006, het 'n Deense koerant spotprente van die Profeet Mohammed gepubliseer.
- Die koerant het versoek van die Deense Imams geïgnoreer.
- Om nie die spotprente te publiseer nie.
- Spoedig het Moslems in ander lande protes-optogte gehou.
- Sommige het gewelddadig geword.
- Deense ambassades was aangeval.
- Westerse besighede was geboikot.



- 5.3
- Verantwoordelikheid beteken nie gewoon beperkinge nie.
  - Dit is eerder om aanspreeklik vir jou aksies te wees.
  - Byvoorbeeld, kinders het die reg om nie mishandel te word nie.
  - Maar hulle het ook die verantwoordelikheid om aanspreeklik te wees vir hulle dade. (8)
- 5.4
- Wetenskaplike ontwikkelinge het ons wêreld verander.
  - Wetenskap het op 'n dieper vlak die manier hoe mense na die wêreld kyk uitgedaag.
  - Wetenskap het die fondasies van tradisionele godsdiens uitgedaag.
  - Die moeilikheid tussen godsdiens en wetenskap het in die laaste vier eeue ontstaan.
  - Die twee benaderings het toenemend kompetierend en selfs botsend geword.
  - In al die eeue deur die jare het godsdiens tradisioneel antwoorde vir vrae soos die volgende verskaf:
    - Hoe en wanneer het die wêreld begin?
    - Wanneer het die mens sy eerste verskyning gemaak?
  - Terwyl sommige godsdienste dit as 'n groot konflik beskou, het ander minder moeite om hul leringe met die teorieë van wetenskap te versoen. (10)
- [50]

**TOTAAL AFDELING B: 100**

**GROOTTOTAAL: 150**